Tydskrifartikel

Bestudeer verskeie artikels in tydskrifte. Beweeg weg van die gewone tydskrifte en bestudeer artikels in spesialistydskrifte soos "Weg" en "Insig". Kyk na die KENMERKE VAN 'N ARTIKEL, daar is 'n duidelike verskil tussen 'n artikel en 'n berig. Moenie in hierdie slaggat trap nie.

ONTHOU die volgende i.v.m. 'n suksesvolle artikel:

- Bevat 'n treffende titel in vetgedrukte letters.
- Bestaan uit paragrawe of 'n onderhoud met vrae en antwoorde.
- Die inleideingsparagraaf is interessant en prikkel die leser se nuuskierigheid.
- Bevat genoeg interessante inligting oor die persoon na wie verwys word.
- Laat die leser voel of hy / sy persoonlik die persoon oor wie geskryf word, ontmoet het.
- Bevat 'n treffende slot.
- Bevat dikwels visuele materiaal om die inhoud te ondersteun, byvoorbeeld 'n foto/foto's met onderskrifte.
- Sluit by die teikengehoor se smaak aan.
- Keurige taalgebruik.

Afmerklysie: Tydskrifartikel

- Die artikel het 'n interessante, treffende titel.
- Die uitleg van die artikel is in paragraafvorm / vraag en antwoord-vorm / paragrawe onder spesifieke opskrifte.
- Die inleiding en slot is treffend en interessant.
- Daar is interessante foto's met byskrifte.
- Daar is genoeg interessante inligting oor die persoon oor wie die artikel geskryf is.
- Alle sinne in die artikel is volsinne.
- Die sinne in die artikel is verskillende lengtes.
- Die betekenis van elke sin in die artikel is duidelik.
- Daar is min taal- en spelfoute.
- Die artikel is netjies en interessant aangebied (skrif / letters / ontwerp / uitleg)